basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V1

## NOVEMBER 2021

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye, 'n formuleblad en 'n 10 bladsy-antwoordeboek.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy al die vrae moet beantwoord.

3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.

7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Staat van Finansiële Posisie | 55 | 45 |
| **2** | Aandelekapitaal, Finansiële Aanwysers en Kontantvloeistaat | 35 | 25 |
| **3** | Vertolking van Finansiële Inligting | 40 | 30 |
| **4** | Korporatiewe Bestuur | 20 | 20 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

**VRAAG 1: STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (55 punte; 45 minute)**

**JIMO BEPERK**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2021. Die onderneming verkoop formele klere vir mans en vroue.

**GEVRA:**

1.1 **Verwys na Inligting B.**

Bereken die waarde van die eindvoorraad van die formele pakke wat op 30 Junie 2021 uit die voorraadrekords gelaat is. (5)

1.2 **Verwys na Inligting C.**

Gebruik die tabel wat verskaf is om die korrekte **netto wins na belasting** vir die jaar geëindig 30 Junie 2021 te bereken. Dui '+' vir toename en '-' vir afname aan. (12)

1.3 **Verwys na Inligting A–H.**

Voltooi die volgende op 30 Junie 2021:

- Behoue-inkomste-nota (5)
- Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) (33)

**LET WEL:**

- Aansuiwerings van Inligting C raak ook die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat).
- Toon bewerkings. Sekere syfers word in die ANTWOORDEBOEK verskaf.
- Syfers word NIE in die gearseerde gedeeltes vereis NIE.

**INLIGTING:**

**A. Lys van saldo's, voor al die aansuiwerings hieronder in ag geneem is:**

| | **30 Junie 2021 (R)** | **30 Junie 2020 (R)** |
|---|---|---|
| Gewone aandelekapitaal | **?** | **?** |
| Behoue inkomste | 3 240 000 | |
| Verbandlening: Best Bank | 3 755 000 | 4 175 000 |
| Handelsvoorraad | 4 198 500 | |
| SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belasting) | 1 200 000 | |
| Netto handelsdebiteure | 3 668 810 | |
| Oortrokke bankrekening | **?** | |
| Kleinkas en wisselgeld | **?** | |
| Krediteurekontrole | 1 253 000 | |
| Opgelope inkomste/Inkomste ontvangbaar | 8 000 | |
| Aandeelhouers vir dividende | 1 170 000 | 821 700 |

**B.** Die rekenmeester het die eindvoorraadsyfer van formele pakke uit die handelsvoorraadsaldo, verskaf in Inligting A, uitgelaat.

**LET WEL:**

- Die eerste-in-eerste-uit(EIEU)-metode word gebruik om die waarde van die voorraad formele pakke te bepaal.
- Alle ander relevante inskrywings is korrek geboekstaaf.

Die inligting met betrekking tot die voorraad formele pakke is soos volg:

| **Saldo's:** | **HOEVEELHEID** | **EENHEIDSPRYS** | **TOTALE WAARDE** |
|---|---|---|---|
| 1 Julie 2020 | 110 | R1 900 | R209 000 |
| 30 Junie 2021 | 240 | **?** | **?** |
| **Aankope:** | **760** | | **R1 943 500** |
| 14 Nov. 2020 | 360 | R2 350 | R846 000 |
| 10 Feb. 2021 | 170 | R2 600 | R442 000 |
| 18 Mei 2021 | 230 | R2 850 | R655 500 |
| **Terugsendings:** | | | |
| 25 Mei 2021 | 24 | R2 850 | R68 400 |

**C.** Die netto wins voor belasting, R4 918 950, is bereken voordat die volgende in berekening gebring/reggestel is:

(i) Ouditfooie sluit R123 600 in wat vir die volgende finansiële jaar vooruit betaal is.

(ii) Die terugbetalings op die lening is 'n vaste bedrag van R35 000 per maand (gekapitaliseerde rente ingesluit).

Die saldo's volgens die leningstaat is soos volg:

- 1 Julie 2020, R4 175 000
- 30 Junie 2021, R4 028 000

Maak voorsiening vir rente op lening.

(iii) Huurinkomste:

Huur van R74 000 is van 'n huurder vir die periode 1 Julie 2020 tot 31 Augustus 2021 ontvang. Dit is geboekstaaf. Hierdie bedrag sluit 'n vermindering van R750 per maand vanaf 1 Mei 2021 in. Die jaareind-aansuiwering is nog nie gedoen nie.

(iv) Nadat alle regstellings hierbo in ag geneem is, is daar vasgestel dat 'n addisionele R85 250 nog aan SAID ten opsigte van inkomstebelasting vir die jaar verskuldig is.

**D.** Aandele en dividende:

- 26 000 aandele is op 1 Julie 2020 teen R3,00 bo die gemiddelde aandeleprys teruggekoop.
- Die onderneming het nie gedurende die 2021 finansiële jaar interim dividende betaal nie.
- 'n Finale dividend van 65 sent per aandeel is op 30 Junie 2021 verklaar.
- 1 800 000 aandele is reeds op 30 Junie 2021 uitgereik.

**E.** Debiteure met kredietsaldo's met 'n totaal van R11 000 moet na die Krediteuregrootboek oorgedra word.

**F.** Op 30 Junie 2021 het Jimo Bpk. 10 damesjasse aan die verskaffer, Bargain Groothandelaars, teruggestuur. Die verkoopprys was R1 750 elk. Die winsopslag was 25% op kosprys. Geen inskrywing is gemaak nie.

**G.** 'n Vaste maandelikse paaiement van R35 000 (om leningterugbetalings en rente te dek) moet vir die volle tydperk van die lening betaal word. Die rente sal egter gedurende die leningstydperk verminder. Die rente op die lening, begroot vir die volgende finansiële jaar, is R234 000.

**H.** Die volgende finansiële aanwysers is op 30 Junie 2021 bereken:

| | |
|---|---|
| Vuurproefverhouding | 1,2 **:** 1 |
| Netto batewaarde per aandeel (NBW) | 540 sent |

**55**

**VRAAG 2: AANDELEKAPITAAL, FINANSIËLE AANWYSERS EN KONTANTVLOEISTAAT (35 punte; 25 minute)**

Die inligting het betrekking op Brewer Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2021.

**GEVRA:**

2.1 Stel die Gewone-aandelekapitaal-nota op 28 Februarie 2021 op. (6)

2.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2021:

- % bedryfsuitgawes op verkope (2)
- Dividend per aandeel (4)
- % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (5)

2.3 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021. Sekere syfers is in die ANTWOORDEBOEK verskaf. (18)

**INLIGTING:**

**A. Aandele en dividende:**

| DATUM | BESONDERHEDE VAN AANDELE |
|---|---|
| 1 Maart 2020 | 800 000 reeds uitgereik |
| 30 Junie 2020 | 100 000 nuwe aandele uitgereik |
| 1 Januarie 2021 | 30 000 aandele teruggekoop teen R1,20 meer as die gemiddelde aandeleprys |
| 28 Februarie 2021 | **?** aandele reeds uitgereik |

- Interim dividend van R162 000 is op 30 September 2020 betaal.
- 'n Finale dividend van 22 sent per aandeel is op 28 Februarie 2021 verklaar.

**B. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021:**

| | |
|---|---|
| Verkope | R7 293 000 |
| Koste van verkope | 4 862 000 |
| Bedryfsuitgawes | 1 458 600 |
| Netto wins voor belasting | 1 350 000 |
| Netto wins na belasting | 985 500 |

**C. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op:**

| | 28 Feb. 2021<br>R | 29 Feb. 2020<br>R |
|---|---|---|
| Kleinkas en wisselgeld | **?** | 20 000 |
| **Gewone aandeelhouersbelang** | **8 038 100** | **6 450 000** |
| Gewone aandelekapitaal | 7 395 000 | 6 400 000 |
| Behoue inkomste | 643 100 | 50 000 |
| Lening: Sharks Bank | 1 650 000 | 2 200 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | 29 100 **Dt.** | 35 900 **Kt.** |
| Aandeelhouers vir dividende | 191 400 | 115 300 |
| Oortrokke bankrekening | 0 | 95 200 |

**35**

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

**VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING (40 punte; 30 minute)**

3.1 Kies 'n kategorie van aanwysers uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | Die voordeel wat aandeelhouers ontvang om in 'n maatskappy te belê | A | likiditeit |
| 3.1.2 | Die vermoë van 'n onderneming om sy korttermynskuld af te betaal | B | finansiële hefboom |
| 3.1.3 | Die mate waartoe 'n maatskappy deur geleende kapitaal (lenings) gefinansier word | C | solvensie |
| 3.1.4 | Die vermoë van 'n onderneming om al sy skuld te vereffen deur bestaande bates te gebruik | D | opbrengs op ekwiteit |

(4 x 1) (4)

3.2 **FLEXI BPK. EN BROOM BPK.**

Die inligting het op twee maatskappye betrekking.

**AGTERGRONDINLIGTING:**

- Beide maatskappye doen sake in die modeklere-bedryf. Die finansiële jaar eindig elke jaar op die laaste dag van Februarie.
- Bob Yates besit aandele in beide maatskappye. Op 1 November 2020 het hy die direksie van Flexi Bpk. oortuig om 150 000 van sy aandele terug te koop. Hy het die geld wat hy ontvang het, gebruik om addisionele aandele in Broom Bpk. te koop.

**LET WEL:** Waar kommentaar of verduidelikings gevra word, haal finansiële aanwysers, syfers en tendense aan om jou antwoord te staaf.

**GEVRA:**

3.2.1 **Winsgewendheid:**

Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers om te toon watter maatskappy sy uitgawes meer doeltreffend beheer en daardeur meer winsgewend is. (4)

3.2.2 **Dividende, verdienste en opbrengste:**

- Lewer kommentaar op die dividend-uitbetalingsbeleid van **Flexi Bpk**. Verduidelik waarom dit 'n onverantwoordelike verandering in beleid is. Verskaf TWEE punte. (4)
- Lewer kommentaar op die % opbrengs op aandeelhouersbelang van ELKE maatskappy. (4)
- 'n Aandeelhouer voel dat die verdienste per aandeel (VPA) in Broom Bpk. beter as dié in Flexi Bpk. is. Verduidelik hoekom jy met hom saamstem. (4)

3.2.3 **Aandeelhouding van Bob Yates in beide maatskappye:**

- Lewer kommentaar op die prys wat deur **Flexi Bpk.** vir die teruggekoopte aandele betaal is. Verskaf TWEE punte. (4)
- Bereken die aantal aandele wat Bob in **Broom Bpk.** gekoop het met die geld wat hy uit die terugkoop by **Flexi Bpk.** ontvang het. (2)
- Verduidelik die uitwerking van die terugkoop van aandele op die % aandelehouding van Bob Yates in ELKE maatskappy. (4)

3.2.4 **Finansieringstrategieë en finansiële hefboom:**

Die direkteure van elke maatskappy het doelbewuste besluite geneem wat in hulle Kontantvloeistate weerspieël word.

- Verduidelik die besluite wat die direkteure van **Broom Bpk.** geneem het, en hoe dit die maatskappy sal bevoordeel. (4)
- Verduidelik hoe die besluite wat deur **Flexi Bpk.** geneem is, die risiko en finansiële hefboom van die onderneming beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (6)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksels uit rekeningkundige rekords aan die einde van elke jaar:**

| | **FLEXI BPK.** | | **BROOM BPK.** | |
|---|---|---|---|---|
| | **Feb. 2021** | **Feb. 2020** | **Feb. 2021** | **Feb. 2020** |
| Getal aandele reeds uitgereik | 700 000 | 850 000 | 1 500 000 | 1 100 000 |
| Fondse gebruik om aandele terug te koop | R1 980 000 | | | |
| Terugkoopprys | R13,20 | | | |
| Toename in aandelekapitaal | 0 | | R2 640 000 | |
| Uitreikprys van addisionele aandele | | | R6,60 | |
| Vaste bates gekoop | R1 000 000 | | R2 200 000 | |
| Toename (afname) in lening | R4 500 000 | | (R400 000) | |

**B. Finansiële aanwysers, rentekoers en markprys van aandele:**

| | **FLEXI BPK.** | | **BROOM BPK.** | |
|---|---|---|---|---|
| | **Feb. 2021** | **Feb. 2020** | **Feb. 2021** | **Feb. 2020** |
| % bedryfsuitgawes op verkope | 17,5% | 14,6% | 13,6% | 17,0% |
| % bedryfswins op verkope | 18,2% | 21,9% | 24,2% | 20,5% |
| % netto wins op verkope | 13,8% | 18,0% | 19,6% | 16,0% |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | 1,1 : 1 | 0,4 : 1 | 0,2 : 1 | 0,4 : 1 |
| % opbrengs op kapitaal aangewend | 10,2% | 16,1% | 17,2% | 14,7% |
| % opbrengs op aandeelhouersbelang | 7,6% | 12,2% | 14,1% | 10,7% |
| Netto batewaarde per aandeel | 1 081 sent | 1 128 sent | 632 sent | 609 sent |
| Markprys van aandele | 990 sent | 1 130 sent | 660 sent | 615 sent |
| Rentekoers op lenings | 13% | 13% | 13% | 13% |
| Verdienste per aandeel | 80 sent | 138 sent | 72 sent | 65 sent |
| Dividend per aandeel | 92 sent | 82 sent | 48 sent | 70 sent |
| Dividend-uitbetalingskoers | 115% | 59% | 67% | 108% |

**C. Aandeelhouding van Bob Yates in beide maatskappye**

| | **FLEXI BPK.** | | **BROOM BPK.** | |
|---|---|---|---|---|
| | **2021** | **2020** | **2021** | **2020** |
| Aandele in elke maatskappy | 283 500 | 433 500 | **?** | 460 000 |
| % aandeelhouding in elke maatskappy | **?** | 51,0% | **?** | 41,8% |

**40**

**VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR** **(20 punte; 20 minute)**

4.1 Verduidelik waarom 'n weerhouding-van-mening-ouditverslag vir 'n maatskappy se reputasie sleg sou wees. Verskaf TWEE punte. (4)

4.2 Een van die belangrikste besluite wat aandeelhouers op die algemene jaarvergadering (AJV) moet neem, is om direkteure aan te stel wat op die raad moet dien.

- Verduidelik waarom hierdie verantwoordelikheid aan die aandeelhouers gegee is. (2)
- As jy 'n aandeelhouer was, watter faktore of eienskappe sou jy wou uitvind oor die direkteure vir wie jy sou stem? Verduidelik TWEE punte en gee 'n rede vir ELK. (6)

4.3 'n Onlangse nuusberig het aangedui dat 'n tender om toerusting ter waarde van R20 m. aan 'n groep privaat hospitale te verskaf, aan 'n groot maatskappy, Baxco Bpk., toegeken is. Die verslag beskuldig die HFB (hoof finansiële beampte) van daardie maatskappy dat hy R2 m. kontant aan die HUB van die hospitaalgroep betaal het.

Verduidelik wat jy, as 'n aandeelhouer, op die AJV sou sê. Verskaf TWEE punte. (4)

4.4 'n Groot Suid-Afrikaanse maatskappy het die volgende op hulle webtuiste en in hul Direkteursverslag genoem.

> *Ons het vir werknemers en eksterne belanghebbendes maniere daargestel om onetiese gedrag en insidente aan te meld waar individue nie die maatskappy se etiese beleid nakom nie.*
>
> *Ons het 'n inbelsentrum ingestel wat deur 'n onafhanklike diensverskaffer beheer word.*
>
> *Alle inligting sal as vertroulik hanteer word. Fluitjieblasers (informante) wat werklike inligting verskaf, sal beskerm word en anoniem bly.*

Na jou mening, verduidelik waarom hierdie groot maatskappy dit nodig gevind het om hierdie beleid te implementeer. Verskaf TWEE punte. (4)

**[20]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**

* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# REKENINGKUNDE V1

# GRAAD 12

# NOVEMBER 2021

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

**1.1**

| **Bereken die waarde van die eindvoorraad van die formele pakke wat op 30 Junie 2021 uit die voorraadrekords gelaat is.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **5** |

**1.2** **Bereken die korrekte netto wins na belasting vir die jaar geëindig 30 Junie 2021 te bereken. Dui '+' vir toename en '-' vir afname aan.**

| **NR.** | **BEWERKINGS** | **BEDRAG** |
|---|---|---|
| **Foutiewe netto wins voor belasting** | | **4 918 950** |
| **(i)** | **Ouditfooie** | |
| **(ii)** | **Rente op lening** | |
| **(iii)** | **Huurinkomste** | |
| **(vi)** | **Inkomstebelasting** | |
| **Netto wins na belasting** | | |

| |
|---|
| |
| **12** |

**1.3** **Behoue-inkomste-nota op 30 Junie 2021**

| | |
|---|---|
| **Saldo aan begin** | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **Saldo aan einde** | **3 240 000** |

| |
|---|
| |
| **5** |

**JIMO BPK.**

**STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 30 JUNIE 2021**

Syfers word NIE in die gearseerde gedeeltes verwag NIE.

| | |
|---|---|
| **BATES** | |
| **NIE-BEDRYFSBATES** | |
| **Vaste bates** | |
| **Finansiële bates** | |
| **BEDRYFSBATES** | **8 700 000** |
| | |
| | |
| | |
| **TOTALE BATES** | |
| | |
| **EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEID** | |
| **AANDEELHOUERSBELANG** | |
| | |
| **Behoue inkomste** | **3 240 000** |
| **NIE-BEDRYFSLASTE** | |
| | |
| **BEDRYFSLASTE** | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **Oortrokke bankrekening** | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | |

| |
|---|
| |
| **33** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **55** |

## VRAAG 2

### 2.1 Gewone-aandelekapitaal-nota op 28 Februarie 2021

| | | |
|---|---|---|
| **800 000** | **Gewone aandele aan die begin** | |
| **100 000** | **Nuwe aandele uitgereik** | |
| | | |
| | **Aandele aan die einde van die jaar** | **7 395 000** |

**6**

### 2.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2021:

**% bedryfsuitgawes op verkope**

| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
|---|---|
| | |

**2**

**Dividend per aandeel**

| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
|---|---|
| | |

**4**

**% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang**

| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
|---|---|
| | |

**5**

## 2.3 KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2021

Syfers word NIE in die gearseerde gedeeltes verwag NIE.

| | |
|---|---|
| **KONTANTVLOEI VAN BEDRYFSAKTIWITEITE** | **1 180 000** |
| **Kontant gegenereer uit bedrywighede** | |
| **Rente betaal** | |
| | |
| | |
| | |
| **KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE** | **(1 320 000)** |
| | |
| **KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | |
| | |
| | |
| | |
| **NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE** | |
| **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN BEGIN** | |
| **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN EINDE** | |

| |
|---|
| |
| **18** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **35** |

## VRAAG 3

**3.1**

| | |
|---|---|
| **3.1.1** | |
| **3.1.2** | |
| **3.1.3** | |
| **3.1.4** | |

4

**3.2 FLEXI BPK. EN BROOM BPK.**

**3.2.1 Winsgewendheid:**

**Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers om te toon watter maatskappy sy uitgawes meer doeltreffend beheer en daardeur meer winsgewend is. Haal syfers en tendense aan.**

4

**3.2.2 Dividende, verdienste en opbrengste:**

**Lewer kommentaar op die dividend-uitbetalingsbeleid van Flexi Bpk. Verduidelik waarom dit 'n onverantwoordelike verandering in beleid is. Verskaf TWEE punte. Haal syfers en tendense aan.**

4

**Lewer kommentaar op die % opbrengs op aandeelhouersbelang van ELKE maatskappy. Haal syfers en tendense aan.**

4

| |
|---|
| **'n Aandeelhouer voel dat die verdienste per aandeel (VPA) in Broom Bpk. beter as dié in Flexi Bpk. is. Verduidelik hoekom jy met hom saamstem. Haal syfers of berekeninge aan.** |
| |

| |
|---|
| |
| **4** |

**3.2.3 Aandeelhouding van Bob Yates in beide maatskappye:**

| |
|---|
| **Lewer kommentaar op die prys wat deur Flexi Bpk. vir die teruggekoopte aandele betaal is. Verskaf TWEE punte. Haal syfers aan.** |
| |

| |
|---|
| |
| **4** |

| **Bereken die aantal aandele wat Bob in Broom Bpk. gekoop het met die geld wat hy uit die terugkoop by Flexi Bpk. ontvang het.** | |
|---|---|
| **BEREKENING** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| **2** |

| Verduidelik die uitwerking van die terugkoop van aandele op die % aandelehouding van Bob Yates in ELKE maatskappy. Haal syfers en tendense aan. |
|---|
| |

| |
|---|
| 4 |

3.2.4 **Finansieringstrategieë en finansiële hefboom:**

| Verduidelik die besluite wat die direkteure van Broom Bpk. geneem het, en hoe dit die maatskappy sal bevoordeel. Haal syfers aan. |
|---|
| |

| |
|---|
| 4 |

| Verduidelik hoe die besluite wat deur Flexi Bpk. geneem is, die risiko en finansiële hefboom van die onderneming beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan (met syfers en tendense). |
|---|
| |

| |
|---|
| 6 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 40 |

## VRAAG 4

**4.1**

| **Verduidelik waarom 'n weerhouding-van-mening-ouditverslag vir 'n maatskappy se reputasie sleg sou wees. Verskaf TWEE punte.** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

| |
|---|
| **4** |

**4.2** **Een van die belangrikste besluite wat aandeelhouers op die algemene jaarvergadering (AJV) moet neem, is om direkteure aan te stel wat op die raad moet dien.**

| **Verduidelik waarom hierdie verantwoordelikheid aan die aandeelhouers gegee is.** |
|---|
| |

| |
|---|
| **2** |

| **As jy 'n aandeelhouer was, watter faktore of eienskappe sou jy wou uitvind oor die direkteure vir wie jy sou stem? Verduidelik TWEE punte en gee 'n rede vir ELK.** | | |
|---|---|---|
| | **VERDUIDELIKING** | **REDE** |
| **PUNT 1** | | |
| **PUNT 2** | | |

| |
|---|
| **6** |

**4.3** **'n Onlangse nuusberig het aangedui dat 'n tender om toerusting ter waarde van R20 m. aan 'n groep privaat hospitale te verskaf, aan 'n groot maatskappy, Baxco Bpk., toegeken is. Die verslag beskuldig die HFB (hoof finansiële beampte) van daardie maatskappy dat hy R2 m. kontant aan die HUB van die hospitaalgroep betaal het.**

**Verduidelik wat jy, as 'n aandeelhouer, op die AJV sou sê. Verskaf TWEE punte.**

| |
|---|
| |
| **4** |

**4.4** **Verwys na die vraestel vir die uittreksel van die webtuiste en Direkteursverslag van 'n groot Suid-Afrikaanse maatskappy.**

**Na jou mening, verduidelik waarom hierdie groot maatskappy dit nodig gevind het om hierdie beleid te implementeer. Verskaf TWEE punte.**

| |
|---|
| |
| **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **20** |

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**REKENINGKUNDE V1**

**NOVEMBER 2021**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

## NASIENBEGINSELS:

Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien ‘n kandidaat nie punte op ‘n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering toegepas nie.

2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. Besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Tensy ander vermeld ken volpunte toe vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings.
4. Indien ‘n vooraansuiweringsyfer as ‘n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). Let wel: As syfers aangedui in memo vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metode punt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. As die kandidaat meer as die verwagte aantal antwoorde gee, kontroleer all antwoorde en gee die voordeel aan die leerder. Strawwe kan toegepas word vir vreemde inskrywings as kandidate volpunte verdien vir die vraag (maks. -2 per vraag)
8. Hierdie memorandum is nie vir verspreiding in die publiek nie' omdat sekere items dalk verkeerd gehanteer is. Aanpassings is gemaak a.g.v. sekere vrae
9. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
11. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Let wel: kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees of per memo.
12. In bewerkings, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook van toepassing op verhoudings.
13. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige vir enige item wat foutief is nie, ten minste gedeeltelik. Dui aan met 'n ☒.
14. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die memorandum verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek
15. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

**1.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad van die formele pakke wat op 30 Junie 2021 uit die voorraadrekords gelaat is.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| (230 – 24 240 – 206 / as beide eenheid totale optel tot 240<br>(206 x R2 850) + (34 x R2 600)<br>✓ ✓ ☑ ✓ | R675 500☑<br>een deel korrek |

5

**1.2 Bereken: Korrekte netto wins na belasting vir die jaar geëindig 30 Junie 2021 te bereken. Dui '+' vir toename en '-' vir afname aan.**

| NR. | BEWERKINGS | BEDRAG |
|---|---|---|
| **Foutiewe netto wins voor belasting** | | **4 918 950** |
| (i) | **Ouditfooie** | + 123 600 ✓✓<br>Geen deelpunte |
| (ii) | **Rente op lening**<br>4 028 000 ✓ – 3 755 000 ✓ of<br>4 028 000 een punt + (420 000 – 4 175 000) een punt | – 273 000 ☑# |
| (iii) | **Huurinkomste** twee punte: geen deelpunte)<br>(5 500 – 750)<br>4 750 ✓✓ x 2✓<br>Wees bedag op verskillende metodes<br>(77 000 x 4/14) een punt een punt een punt<br>22 000 – 3000 = 19 000 x 2 ÷ 4 | – 9 500 ☑# |
| (vi) | **Inkomstebelasting**<br>(1 200 000 + 85 250)<br>moet voorlopige belasting + bedrag verskuldig | ✓ ☑#<br>– 1 285 250 |
| **Netto wins na belasting** | | 3 474 800 ☑<br>een deel korrek |

12

# bewerking en -teken of aanvaar gebruik van hakies
Totaal moet die NW bedrag insluit

**1.3 Behoue inkomste**

-1 P (geen besonderhede) * hakies om volpunte te verdien

| | |
|---|---|
| **Saldo aan begin** | |
| Netto wins na belasting sien 1.2 | 3 474 800☑ |
| Aandele teruggekoop ignoreer bewerkings | (78 000)✓☑* |
| Dividende vir die jaar ignoreer bewerkings | (1 170 000)✓☑* |
| **Saldo aan einde** | **3 240 000** |

5

**JIMO BPK.**
**STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 30 JUNIE 2021**

Syfers word NIE in die gearseerde gedeeltes verwag NIE.

| | |
|---|---|
| **BATES** | |
| **NIE-BEDRYFSBATES** | |
| **Vaste bates** | |
| **Finansiële bates** | |
| **BEDRYFSBATES** | **8 700 000** |
| Voorrade 4 198 500✓+ 675 500 ☑ - 14 000✓✓ sien 1.1 | 4 860 000 ☑* |
| Handels- en ander ontvangbares (3 668 810 ✓ + 8 000 ✓ + 123 600✓ + 11 000✓ ) ouditfooie oordrag | 3 811 410 ☑* |
| Kontant en kontantekwivalente balansseersyfer/ aanvaar negatiewe bedrag | 28 590 ☑ |
| **TOTALE BATES** Sien E+L 12 | 16 762 000 ☑ |
| | |
| **EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEID** | |
| **AANDEELHOUERSBELANG** (1 800 000 ✓ x 540/100 ✓) of R5,40 | 9 720 000 ☑* Moet NBW gebruik |
| Gewone aandelekapitaal moet balanseersyfer wees | 6 480 000☑ |
| **Behoue inkomste** 4 | **3 240 000** |
| **NIE-BEDRYFSLASTE** | 3 842 000 |
| Verbandlening (3 755 000 ✓ + 273 000 ☑) – 186 000 ✓✓ sien 1.2 (ii) 5 | 3 842 000 ☑* |
| BEDRYFSLASTE (8 700 000 – voorrade) /1,2 OF H&AO + K&KE/1,2 | 3 200 000☑☑ |
| Handels- en ander betaalbares (1 253 000 ✓ + 9 500 ☑ + 11 000 ✓– 14 000✓ sien voorrade huurinkomste 1 400 x10 | 1 259 500 ☑* |
| Aandeelhouers vir dividende Sien1.3/gegee | 1 170 000☑# |
| Huidige deel van lening Sien NBL | 186 000 ☑# |
| SAID: Inkomstebelasting | 85 250 ✓# |
| **Oortrokke bankrekening** balanseersyfer | 499 250 ☑ |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** 12 | 16 762 000 ☑* |

# inspekteer as ingesluit by H&BB
-1 vreemde items maks -2 aanbieding -1

* een deel korrek

| |
|---|
| |
| **33** |

*

| | |
|---|---|
| **TOTALE PUNTE** | **55** |

## VRAAG 2

### 2.1 Gewone-aandelekapitaal-nota op 28 Februarie 2021

| | | |
|---|---|---|
| **800 000** | **Gewone aandele aan die begin** | 6 400 000 ✓ |
| **100 000** | **Nuwe aandele uitgereik** balanseersyfer Moet terugkoop aftrek | 1 250 000 ☑ |
| (30 000) ✓ | Terugkoop 30 000 aandele teen R8,50☑# | (255 000) ☑# Een deel korrek Moet nie 36 000 aanvaar |
| 870 000 ✓ | **Aandele aan die einde van die jaar** | **7 395 000** |

**6**

### 2.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2021:

**% bedryfsuitgawes op verkope**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 458 600 / 7 293 000 x 100*<br>Kontroleeer noemer / teller | 20% ✓☑<br>een deel korrek |

**2**

**Dividend per aandeel**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| (geen deelpunte)<br>162 000/900 000<br>18 sent ✓✓ + 22 sent ✓ OF 0,18 + 0,22<br><br>18s (twee punte) 162 000 / 900 000 + 22s (een punt) 191 400 / 870 000 sien hieronder &<br>Geen punt vir noemer as dieselfde syfer gebruik is vir interim en finale dividend<br><br>As geweegde gemddeld gebruik word<br>(162 000 + 191 400) / 861 666,6 (een punt; twee punte) = 353 400 / 861 667<br><br>*( een punt ) moet nie aanvaar nie geen metode punt* &<br>*(162 000 + 191 400) / 870 000 = 40,6 sent x*<br>*(162 000 + 191 400) / 900 000 = 39,3 sent x*<br>*162 000 + 191 400) / 885 000 = 39,9 sent x* | 40 sent ☑ &<br><br>&Bewerkings moet gekontroleer word.<br>Ken slegs m punt toe as die <u>korrekte metode</u> gebruik is maw verskillende noemers en tellers vir interim & finale DPA (bv. 900 000 & 870 000) |

**4**

**% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 985 500 ✓ / ½✓ (6 450 000✓ + 8 038 100✓) x 100*<br><br>Kontroleeer nommer / teller | 13,6% ☑<br>een deel korrek<br>bereken as 'n % |

**5**

* X 100 tel nie vir een deel korrek nie

## 2.3 KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2021

Syfers word NIE in die gearseerde gedeeltes verwag NIE.

Vir die gebruik van omgekeerde tekens, maak seker dat slegs een opsie deurgans gebruik word

| | |
|---|---|
| **KONTANTVLOEI VAN BEDRYFSAKTIWITEITE** | **1 180 000** |
| **Kontant gegenereer van bedrywighede** | |
| **Rente betaal** | |
| Belasting betaal (1 350 000 – 985 500) een punt<br>(35 900✓ + 364 500 ✓ + 29 100✓)<br>Wees bedag op omgekeerde tekens, gebruik van hakies of grootboekrek. formaat | (429 500) ☑* |
| Dividende betaal (115 300 + 162 000)<br>OF: 115 300 + 353 400 – 191 400<br>Wees bedag op omgekeerde tekens, gebruik van hakies of grootboekrek. Format | (277 300) ✓☑* |
| 6 | |
| **KONTANTVLOEI VAN BELEGGINGSAKTIWITEITE** | **(1 320 000)** |
| | |
| **KONTANTVLOEI VAN FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | 409 000☑* |
| Aandele uitgereik sien 2.1 | 1 250 000☑* |
| Aandele teruggekoop 36 0000 een punt twee m punte<br>255 000 ☑ + (30 000 ✓ X 1,2 OF 30 000 x R9,70<br>Sien 2.1 (as R1,20 bo GAP) | (291 000) ☑* |
| Lening terugbetaal 8 | (550 000) ✓☑* |
| | |
| **NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE** | 269 000☑*<br>van bo (BA + BA + FA) |
| **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN BEGIN** | (75 200) ✓☑*<br>een punt as syfer korrek maar geen hakies |
| **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN EINDE** 4 | 193 800☑* |

**18**

*Een deel korrek en moet korrekte bewerking & korrekte gebruik van hakies aandui;
Indien geen hakies , aanvaar antwoord is 'n invloei van kontant – ken slegs punte toe vir bewerkings;

| **TOTALE PUNTE** | **35** |
|---|---|

## VRAAG 3

**3.1**

| | | |
|---|---|---|
| **3.1.1** | D ✓ opbrengs op ekwiteit | Aanvaar verstaanbare afkortings |
| **3.1.2** | A ✓ likiditeit | |
| **3.1.3** | B ✓ hefboom | |
| **3.1.4** | C ✓ solvensie | |

4

**3.2 FLEXI BPK. EN BROOM BPK.**

**3.2.1 Winsgewendheid:**

**Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers om te toon watter maatskappy sy uitgawes meer doeltreffend beheer en daardeur meer winsgewend is. Haal syfers en tendense aan.** Deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike / onduidelike antwoorde

Enige TWEE finansiële aanwysers (neigings verduidelik) van Broom Bpk met syfers ✓✓ ✓✓
Indien syfers vir Flexi Bpk getoon word, ken punte toe vir die name van die aanwysers (maks 2 punte)

**Haal syfers en neigings vir enige twee onderstaande aanwysers**

% Bedryfsuitgawes op verkope verbeter / verminder (van 17%) tot 13,6% / met 20% / met 3,4% punte (aanvaar 3,4%)

% Bedryfswins op verkope toegeneem (van 20,5%) tot 24,2% / met 18 % / met 3,7% punte (aanvaar 3,7%)

% Netto wins op verkope toegeneem ( van 16%) tot 19,6% / met 22,5%/ met 3,6% punte (aanvaar 3,6%)

Alle aanwysers toon 'n verbetering in winste / uitgawes goed beheer.

4

**3.2.2 Dividende, verdienste en opbrengste:**

**Lewer kommentaar op die dividend-uitbetalingsbeleid van Flexi Bpk. Verduidelik waarom dit 'n onverantwoordelike verandering in beleid is. Verskaf TWEE punte. Haal syfers en tendense aan.**

**Neiging (met syfers)** ✓✓ Deelpunte vir onvolldedige / gedeeltelike / onduidelike antwoorde

Antwoorde vir 2 punte vir syfers en neiging:

- Die uitbetaalkoers het verhoog van 59% tot 115% / met 94,9% / 56% punte (aanvaar 56%).
- In 2021 het hulle 'n DPA van 92s uitbetaal in vergelyking met VPA van 80s (maw 12 c van behoue inkomste).
- Alhoewel die VPA verlaag het van 138 sent tot 80 sent (met 58 s) / DPA was 10 sent. meer as verlede (82s tot 92s en die DPA is nou meer as VPA (met 12s / 92s tot 80s).

**Verduideliking/kommentaar op besluit** ✓✓
Deelpunte vir onvolldedige / gedeeltelike / onduidelike antwoorde

Verwagte kommentaar – enige een geldige kommentaar vir twee punte bv

- Die maatskappy het die behoue inkomste reserwes uitgeput (wat meer effektief gebruik kon word om winsgewendheid te herbou).
- Die maatskappy probeer die aandeelhouers gelukkig hou / probeer die markprys van aandele beïnvloed deur dividende te verhoog / egaliseer dividende oor verskeie jare.

4

**Lewer kommentaar op die % opbrengs op aandeelhouersbelang vir ELKE maatskappy. Haal syfers en tendense aan.**

Finansiele aanwyser met syfers & tendens ✓ ✓

**Flexi Bpk:** OOAB verminder van 12,2% tot 7,6% / met 37,7% / 4,6% punte (aanvaar 4,6%)

**Broom Bpk**: OOAB verbeter van 10.7% tot 14,1%/ met 31.8%/ 3,4% punte (aanvaar 3,4%)

**Addissionele kommentaar in elke geval** ✓ ✓
Syfers mag ingesluit wees in die verduideliking; daar word nie van kandidate verwag om 'n spesifieke syfer te noem vir die alternatiewe koers; moet nie penaliseer vir foutiewe beleggingskoerse nie (dit kan wissel van 4% tot 14%)

- **Flexi Bpk:** verwys na / vergelyk alternatiewe beleggings bv vaste deposito
- **Broom Bpk:** verwys na / vergelyk alternatiewe beleggings bv vaste deposito

**Kommentaar vir slegs 1 punt: (om vir beide maatskappye voorsiening te maak)**

- As kandidate slegs vermeerder /.verminder / goed / sleg noem sonder alternatiewe beleggings

4

**'n Aandeelhouer voel dat die verdienste per aandeel (VPA) in Broom Bpk. beter as dié in Flexi Bpk. is. Verduidelik hoekom jy met hom saamstem. Haal syfers of berekeninge aan.**

Om volpunte te kry, moet VPA vergelyk met waarde van aandele (MP / NBW) vir Flexi Bpk met syfers ✓✓ deelpunte vir onvolldedige/ gedeeltelike/ onduidelike antwoorde
Om volpunte te kry, moet VPA vergelyk met waarde van aandele (MP / NBW) vir Broom Bpk met syfers ✓✓ deelpunte vir onvolldedige/ gedeeltelike/ onduidelike antwoorde

Verwagte antwoorde vir vier punte (twee punte per maatskappy)
- VPA tot NBW is 7,4% in Flexi Bpk en 11,4% in Broom Bpk
- VPA tot MP vir 2021 is 8,1% in Flexi Bpk (80/990) en 10,9% (72/660) in Broom Bpk
- VPA op MP vir 2020 is 7,1% in Flexi Bpk 80/1130) en11,7% (72/615) in Broom Bpk
- Flexi Bpk verdien 80c per aandeel gewaardeer teen 990s/1 081s terwyl Broom Bpk 72s verdien op ‘n aandeel met ‘n waarde van 660s/632s

**OF**: Ander vergelykings vir elke maatskappy vir slegs een punt in elke maatskappy
- Flexi VPA verminder van 138s tot 80s terwyl Broom vermeerder van 65s tot 72s
- Flexi VPA is bereken op ‘n kleiner aantal aandele (700 000) so dit lyk goed; Broom se VPA is bereken op ‘n groter aantal aandele (1 500 000)

**4**

**3.2.3 Aandeelhouding van Bob Yates in beide maatskappye:**

**Lewer kommentaar op die prys wat deur Flexi Bpk. vir die teruggekoopte aandele betaal is. Verskaf TWEE punte. Haal syfers aan.**

Syfers mag verduideliking insluit
Enige TWEE geldige punte (2 punte elk), en tenminste moet een verband hou met ‘n finansiële aanwyser met syfer:
- Vergelyk met syfers R13,20 met MP van R9,90 of R11,30
- Vergelyk met syfers R13,20 met NBW van R 10,81 of R11,28
- Vergelyk met syfers R13,20 met enige ander waarde (bv. Gemiddelde uitreikprys)
- Enige ander algemene kommentaar sonder syfers bv. Fondse verskraal (likiditeit) / Bob het sy status gebruik om himself te verryk / MP toon ook ‘n afwaartse neiging / geen aanvraag vir aandele / kan die prys verder laat val (ken deelpunte toe vir eenvoudige of onvolledige of gedeeltelike antwoorde).

**4**

**Bereken die aantal aandele wat Bob in Broom Bpk. gekoop het met die geld wat hy uit die terugkoop van sy aandele ontvang het.**

| BEREKENING | ANTWOORD |
|---|---|
| 150 000 x 13,20<br>$\frac{1\,980\,000}{R6,60}$ | 300 000 aandele ✓☑<br>een deel korrek |

**2**

**Verduidelik die uitwerking van die terugkoop van aandele op die % aandelehouding van Bob Yates in ELKE maatskappy. Haal syfers en tendense aan.**

Kommentaar op % aandeelhouding ✓ in vergelyking met Flexi Bpk met syfers ✓
Kommentaar op % aandeelhouding ✓ in vergelyking met Broom Bpk met syfers ✓
Wees bedag op gekombineerde verduideliking

**Flexi Bpk:**
Bob was die meerderheidsaandeelhouer (51%)
Hy het nou slegs 40,5% van die aandele (283 500 / 700 000) so hy verloor sy meerderheidsstatus

**Broom Bpk**:
Bob het 41,8% van die aandele 460 000 + 300 000
Hy het nou 50,7% van die aandele (760 000 / 1 500 000) sien 3.2.3
Hy is nou meerderheidsaandeelhouer (of gebaseer op die berekeninge in 3.2.3)
**OF**: Daar was geen terugkoop van aandele in Broom Bpk nie, so dit sou nie sy % aandeelhouding wat 41,8% was raak nie (twee punte)
**OF**: Aangesien hy 300 000 aandele in Broom Bpk gekoop het, is hy nou die meerderheidsaandeelhouer (50,7%).

**4**

**3.2.4 Finansieringstrategieë en finansiële hefboom:**

**Verduidelik die besluite wat die direkteure van Broom Bpk. geneem het, en hoe dit die maatskappy sal bevoordeel. Haal syfers aan.**

Enige EEN besluit✓ Syfer✓
Verduideliking van voordeel ✓✓ ken deelpunte toe vir gedeeltelike/ onduidelike / onvolledige antwoorde

Verhoog aandelekapitaal met R2 640 000 of (400 000 aandele) **OF**
Verminder lening met R400 000 **OF**
Netto toename van R2 240 000 tot totale kapitaal aangewend

**Verduidelik EEN voordeel (twee punte):**
- Alle fondse gegenereer is spandeer op blywende items (vaste bates) wat toekomstige fondse kan genereer.
- Verminder skuld/ekwiteit /verminder skuld/(lae risiko)/ verbeter kredietwaardigheid in toekoms
- Verbeter % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend

**2**

**Verduidelik hoe die besluite wat deur Flexi Bpk. geneem is, die risiko en finansiële hefboom van die onderneming beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. Haal syfers en tendense aan.**

Twee finansiële aanwysers (met syfers) ✓✓ ✓✓
- Skuld/ekwiteit verhoog van 0,4 : 1 tot 1,1 : 1 met 0,7 : 1
- OOTKA verminder van 16,1% tot 10,2% / met 36,6% / met 5,9% punte (aanvaar 5,9%).

Verduidelikings kan gekombineer word met syfers of apart, beide risiko en hefboom moet genoem word. Ignoreer % OOAB (moet nie straf nie).
ken deelpunte toe vir gedeeltelike / onduideliker / onvolledige antwoorde
- Hoë risiko agv verhoging in lening
- Ondervind negatiewe hefboom (OOTKA is laer as rentekoers van 13%)

**6**

| TOTALE PUNTE | 40 |
|---|---|

## VRAAG 4

**4.1**

| **Verduidelik waarom 'n weerhouding-van-mening-ouditverslag vir 'n maatskappy se reputasie sleg sou wees. Verskaf TWEE punte.** deelpunte toe vir gedeeltelike/ onduidelike / onvolledige antwoorde | |
|---|---|
| **PUNT 1** ✓✓ | • Dit toon dat daar iets ernstig fout is met die finansiële state.<br>• Die maatskappy en sy resultate kan nie vertrou word nie/ skep 'n slegte indruk of publisiteit.<br>• Dit kan die markprys op JEB negatief beïnvloed. |
| **PUNT 2** ✓✓ | • Verminderde aanvraag vir aandele/ verloor potensiele beleggers/ bestaande aandeelhouers sal hulle aandele wil verkoop.<br>• Swak bestuur en kontrole van interne prosesse / onbekwame bestuur/ bevraagteken die integriteit van die direkteure.<br>• Verskaffers en klante sal elders gaan kyk/ krediteure mag dalk nie meer krediet toestaan.<br>• Banke/ finansiële instellings mag dalk nie lenings goedkeur nie. |

**4**

**4.2** **Een van die belangrikste besluite wat aandeelhouers op die algemene jaarvergadering (AJV) moet neem, is om direkteure aan te stel wat op die raad moet dien.**

**Verduidelik waarom hierdie verantwoordelikheid aan die aandeelhouers gegee is.**

Verwagte antwoorde: ✓✓ deelpunte vir onvolledige/gedeeltelik/ onduidelikee antwoorde

Wees bedag op alternatiewe geldige antwoorde

Enige EEN geldige antwoord bv.

- Skeiding van eienaarskap (aandeelhouers) van bestuur (direkteure)
- Die aandeelhouers is die meerderheidsbeleggers maar kan nie almal by die maatskappy werk nie.
- Hulle sal direkteure moet aanstel om die maatskappy te bestuur
- Hulle het hulle beleggings aan die direkteure toevertrou.

**2**

**As jy 'n aandeelhouer was, watter faktore of eienskappe sou jy wou uitvind oor direkteure vir wie jy sou stem? Verduidelik TWEE punte en gee 'n rede vir ELK.**

Verduideliking kan ingesluit wees by rede/Sommige verduidelikings kan die rede wees.

| **VERDUIDELIKING** Enige TWEE✓✓ ✓✓<br>Twee aparte en verskillende punte<br>Enkelwoord antwoorde aanvaarbaar | **REDES** Enige TWEE ✓ ✓<br>Enige TWEE verskillende redes (nie noodwendig verbind aan die verduidleiking) |
|---|---|
| • Integriteit / eerlikheid /eties / moreel /stel goeievoorbeeld / werketiek<br>• / verantwoordelik / geen konflik van belange / geen beskuldigings van nepotisme<br>• Skoon misdaad rekord<br>• Goeie kwalifikasies / lid van professionele liggaam / bestuurs-vaardigehede /bekwaam / goeie oordeel / kommunikasie vaardighede<br>• Innoverend / kreatief<br>• Ervaring in gebied / goeie rekord / verwysings / bewus van beleide.<br>• Op datum met huidige neigings / voortgesette professionele ontwikkeling<br>• Samewerking / goeie spanspeler<br>• Deursigtigheid & verantwoordbaarheid (gewoonlik beoordeel na afspraak, tensy gemeld in record) | • Die aandeelhouers het hulle vertrou met hulle belegging.<br>• Hulle benodig kundigheid om die maatskappy reg te bestuur.<br>• Maatskappy kan nie agter raak in globale mark nie<br>• Werknemers / aandeelhouer sal direkteur respekteer / vertroue in hulle vaardighede.<br>• Moet as ambassadeur vertroue he in maatskappy/ moet alle partye hanteer. |

**6**

**4.3**

**'n Onlangse nuusberig het aangedui dat 'n tender om toerusting ter waarde van R20 m. aan 'n groep privaat hospitale te verskaf, aan 'n groot maatskappy, Baxco Bpk., toegeken is. Die verslag beskuldig die HFB (hoof finansiële beampte) van daardie maatskappy dat hy R2 m. kontant aan die HUB van die hospitaalgroep betaal het.**

**As 'n aandeelhouer, verduidelik wat jy op die AJV sou sê. Verskaf TWEE punte.**

TWEE geldige en verskillende punte ✓✓ ✓✓

deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike antwoorde

Wees bedag op alternatiewe geldige antwoorde

- Dit blyk ‘n duidelike geval van korrupsie te wees/'n onderduimse ooreenkoms wat nie normale tenderprosedures gevolg het nie/ omkoop betrokke/ oneties en onwettig.
- Die HFB se aksies moet ondersoek word en toepaslike dissiplinêre stappe moet geneem word (misbruik sy invloed / gesag / stel kriminele prosedures in / regsaksies/ dagvaar/ aankla. (Slegs 1 punt vir ontslag / afgedank / vervang).
- Ondersoek verder om te verseker dat kriminele aktiwiteite nie na ander dele van die maatskappy ingesypel het nie.
- As die direkteur se integriteit gekompromitteer is, sal dit die reaksie van die publiek en klante beïnvloed.
- Dit sal die aandeleprys en die winste raak (beeld van die onderneming).
- Bekommernis oor toegang tot groot kontantbedrae / swak interne beheer.

**4**

**4.4**

**Verwys na die vraestel vir die uittreksel van die webtuiste en Direkteursverslag van 'n groot Suid-Afrikaanse maatskappy.**

**Na jou mening, verduidelik waarom hierdie groot maatskappy dit nodig gevind het om hierdie beleid te implementeer. Verskaf TWEE punte.**

TWEE geldige en verskillende punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike antwoorde

Wees bedag op alternatiewe geldige antwoorde

- Misdaad is 'n groot probleem in hierdie land en mense is bang om na vore te kom en die misdaad aan te meld aangesien hulle bang is dat hul lewens in gevaar gaan wees; beskermingsbeleid mag hulle aanmoedig om aan te meld
- Die maatskappy spreek dit aan in sy beleid sodat mense besef hulle is ernstig in die bekamping van misdaad.
- Die maatskappy wil die onwettige optrede ontdek voordat die pers dit blootstel/ raak maatskappy negatief
- Dit kan ook voorkom of verminder dat mense verkeerd optree aangesien mense bewus is van hierdie beleid / dopgehoue word / aangemeld word / oortreders moet aangemeld word.
- Hierdie is deel van goeie bestuur of in ooreenstemming met King Kode / verbeter reputasie van maatskappy / voldoen aan beleid / kwaliteit van bestuur.

**4**

| **TOTALE PUNTE** | **20** |
|---|---|

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou